

Saterdag 10 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 11:1-14

Fokusgedeelte: Openbaring 11:7

Die Here kom – hou daarom aan om die evangelie te verkondig, al beteken dit martelaarskap

Hierdie perikoop beskryf die tweede tussentoneel voordat die sewende trompet blaas. Die kerk moet aanhou om die evangelie te verkondig, al beteken dit hewige vervolginge.

Sal die kerk in hierdie hewige vervolginge staande kan bly? Die antwoord en troos vind ons in die opdrag dat Johannes met 'n meetstok drie dinge moet gaan meet: die tempel, die altaar en die mense wat God daar aanbid. Dit wys op noukeurige bewaring en dat God sy uitverkorenes in die eindtyd sal beskerm.

Deurdat die voorhof nie opgemeet moet word nie, wys dit simbolies dat die ander nie op God se bewaring aanspraak kan maak nie, maar veroordeel sal word.

Die heilige stad, beeld van die kerk, sal vir 42 maande deur die goddelose vervolging en geteister word. In dié tyd van stryd en vervolging moet God se twee getuies (die kerk) met rouklere aan sy evangelie bly verkondig. Die rouklere wys simbolies na bekeringsprediking. Die kerk se stem mag dus nie stil word nie, al gaan dit hoe swaar!

Tog kom daar 'n tyd dat die kerk se stem sal stil word. Die dier uit die oneraardse dieptes (antichris) maak die twee getuies dood wanneer hulle hul boodskap klaar gelewer het. Die goddelose wêreld sal die “dooie” kerk bespot en uitbundig vreugde vier. Hulle is bly omdat God se getuies hulle met die bekeringsprediking gepynig het. Ons beleef alreeds voorlopers daarvan as ons ervaar hoedat die evangelie van Jesus Christus stilgemaak en bespot word.

Die twee dooie getuies lê vir drie en 'n halwe dag in smaad vir almal om te sien. Die tydperk wys egter dat die antichris se tyd 'n onvolledige en afgebroke tyd is.

Die groot wonder gebeur! God gee weer die gees van die lewe aan hulle. Dit herinner aan die doodsbeendere in Esegïel 37 wat weer deur God se Gees lewend gemaak word. God se kinders staan op en vaar op na die hemel. Die vervolgte kerk is nou die triomferende kerk! Deur 'n aardbewing word God se verskriklike oordeel oor die goddelose wêreld aangedui.

Wees getroos: in al die smaad en vervolginge sal God sy kerk bewaar. Wees getrou aan Hom. Jesus kom weer en Hy sal ons opneem in sy hemelse heerlijkheid.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 5

Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspuit)